


# DANIËL

## in die leeukuil

en 'n storie om oor te dink

**MAPULA MARTHA MALATJI**

*Illustrasies deur Jonanda Kannemeyer*

**DANIËL IN DIE LEEUKUIL**

© 2023 One Heart
Eerste uitgawe 2023
Gedruk in Suid-Afrika
ISBN:  9781776467280

***Hierdie is 'n oopbron-boek en mag nie vir wins verkoop word nie.  Die boek kan afgelaai word by www.oneheartforkids.co.za***

Hierdie boek mag elektronies of in gedrukte vorm versprei word met geskrewe toestemming van die uitgewer. Die boek mag geensins op enige manier verander word nie. Alle regte word voorbehou. Om toestemming te vra, kontak asseblief die uitgewer.

One Heart
17 Pelikaan Straat, Stellenbosch
7600 Suid-Afrika
www.oneheartforkids.co.za

Outeur: Dr. Mapula Martha Malatji
Illustreerder: Jonanda Kannemeyer
Tipografie en uitleg: Imprint Publishing
Afrikaanse vertaling en proeflees: Lianda Cruywagen

# OU TESTAMENT BYBELSTORIE

# DANIËL 6

# DANIËL

in die leeukuil

In die ou tyd, in die stad Babilon, het Koning Darius 120 goewerneurs aangestel om oor die land te heers.

Hy het ook drie leiers gekies om 'n oog te hou oor die goewerneurs en te sorg dat hulle nie agter sy rug slegte goed aanvang nie. Daniël was een van hierdie drie leiers.

Van al die goewerneurs en leiers was die Koning die liefste vir Daniël.

Daniël het baie wysheid gehad en was getrou, en die Koning het beplan om hom oor sy hele koninkryk aan te stel.





Die ander goewerneurs en leiers was jaloers op Daniël, en het ‘n plan bedink.

Hulle het geweet Daniël het drie keer elke dag God aanbid. Hulle vra toe die Koning om ‘n wet te maak dat almal vir 30 dae slegs die Koning mag aanbid.

Enigeen wat ‘n ander god aanbid moes in die leeukuil gegooi word.

Daniël het goed geweet van hierdie wet maar hy het nogtans aangehou om God drie keer ‘n dag te aanbid.



Toe die ander leiers dit sien, het hulle Daniël by die Koning gaan verkla.

Koning Darius het baie sleg gevoel want hy was lief vir Daniël. Maar hy kon nie die wet verander nie en moes toe opdrag gee dat Daniël in die leeukuil gegooi word.

Net voordat Daniël in die leeukuil gegooi is, het die Koning vir Daniël gesê, "Mag jou God vir wie jy dien, jou red."

Daar was 'n groot rots wat die ingang van die leeukuil verseël het.



Daardie nag het die Koning baie sleg geslaap. Toe dit lig word, het hy hom gehaas na die leeukuil toe en na Daniël geroep. Tot sy groot verligting het Daniël geantwoord. Die Koning het dadelik bevel gegee dat Daniël uit die leeukuil gehaal moes word.

Nadat dit gebeur het, het die Koning opdrag gegee dat die leiers en hulle gesinne in die leeukuil gegooi moes word.

Die Koning het toe opdrag gegee dat die hele Babilon van daardie dag af die God van Daniël  moes dien.





## Gebed

Here, dankie dat my hulp van u af kom.
Dit maak nie saak wat ander aan my
probeer doen nie, ek sal u vertrou

## Vrae

1. Hoekom is Daniël in die leeukuil gegooi?
2. Wie het vir Daniël in die leeukuil beskerm?
3. Wat het die Koning gedoen toe hy sien dat Daniël nog lewe?

## Die singende sterre

Drie jong meisies in Afrika, Nelia, Amanda en Marinda, was bekend vir hoe mooi hulle kon sing. Hulle stemme het geklink soos dié van die Afrikaanse naguil wat 'n Afrika voël is met 'n pragtige sangstem.

Hierdie drie meisies was in Meerendal Skool wat baie bekend was vir hul sang, met twee pryswenner kore.

Terwyl die musiekonderwyseres besig was met voorbereidings vir sangkompetisies, het sy altyd haar leerders herinner aan al die dinge wat hulle moes doen om hul stemme te beskerm. Hulle moes baie water drink, genoeg slaap kry, nie koffie of gaskoeldrank drink nie, en ook nie lekkers eet nie.

Amanda en Marinda het gemeen hierdie reëls was sommer simpel.

Hulle het gedink hulle stemme sou pragtig wees, maak nie saak wat hulle eet of drink nie, en hulle wou nie luister na die onderwyseres nie.

Hulle het probeer om Nelia te oortuig om ook die reëls te breek, maar sy het geweier.



Die dag van 'n kompetisie het al hoe nader gekom. Die onderwyseres het die drie top-koorlede een vir een gevra om te sing. Amanda was die eerste een om te sing, en die onderwyseres was niks beïndruk nie.

Marinda was volgende, en weer eens was die onderwyseres teleurgesteld.

Die onderwyseres het nou begin bekommerd raak. Wat op aarde gaan sy doen? Haar beste leerlinge het swak gesing. Sy het ook geweet dat Amanda en Marinda nie die reëls nagekom het nie.

Toe is dit Nelia se beurt. Sy het so mooi gesing dat dit amper geklink het of die Afrikaanse naguil haar gehelp sing het. Sy het soos 'n engel geklink, so pragtig was dit.

Die onderwyseres was baie verlig, en met Nelia as die hoof-sanger, was sy vol vertroue dat die skool die kompetisie sou wen.

En wat Amanda en Marinda betref, die onderwyseres het vir hulle gesê dat hulle nie verder kon deelneem aan die koorkompetisie nie.




## Gebed

God die Vader, die Skepper van hemel en aarde, ek bid dat ek nie sal luister na diegene wat rebels en ongehoorsaam is nie en dat u my sal help om nie van u pad af te dwaal nie.


## Vrae

1. Noem die name van die drie meisies wat soos 'n Afrikaanse naguil kon sing.
2. Wat was die naam van die bekende musiekskool?
3. Wat het die musiekonderwyseres die leerders gevra om te doen?
4. Wat het Amanda en Marinda gedoen?
5. Soos wat het Nelia geklink toe sy sing?
6. Dink jy dit was reg van die onderwyseres om Amanda en Marinda uit die kompetisie te haal?

**Daniël in die leeukuil** *is deel van 'n reeks van 20 boekies gebaseer op gebeure in die Ou en die Nuwe Testament van die Bybel.*




Boek_1




Boek_2

Boek_3

Boek_4

Boek_5

Boek_6

Boek_7

Boek_8

Boek_9

Boek_10

Boek_11

Boek_12

Boek_13

Boek_14

Boek_15

Boek_16

Boek_17

Boek_18

Boek_19

Boek_20

**Daniël in die leeukuil**

In hierdie boek gaan ons sien hoekom Daniël in die leeukuil gegooi is, en hoedat God hom beskerm het van mense wat jaloers was op hom.

**Die singende sterre**

Ons gaan ook leer van drie talentvolle meisies wat so mooi kon sing soos 'n Afrikaanse naguil, 'n Afrika voël wat 'n pragtige sangstem het.

Lees die boek en sien hoedat God mens beskerm wanneer jy Hom volg.

978-1-7764672-8-0

Afrikaans

